# Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel: 17

## DIE VERLOSSER DEUR GOD BELOOF

# DIE VERLOSSER DEUR GOD BELOOF




Ons glo dat ons goeie God in sy uitnemende wysheid en goedheid die mens weer opgesoek het toe Hy gesien het dat die mens homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp en geheel en al ellendig gemaak en al bewende van Hom weggevlug het.

God het die me… getroos met die belofte om aan hom sy Seun te gee en ho… te maak - sy Seun, wat uit '… gebore sou word om die kop van die slang te vermorsel.



Ons glo dat ons goeie God in sy uitnemende wysheid en goedheid die mens weer opgesoek het toe Hy gesien het dat die mens homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp en geheel en al ellendig gemaak en al bewende van Hom weggevlug het.




Genesis 3:8-9: Hulle hoor toe die geluid van die HERE God wat in die tuin rondstap in die middagkoelte. Die mens en sy vrou het vir die HERE God weggekruip tussen die bome van die tuin. Die HERE God het na die mens geroep en vir hom gevra: “Waar is jy?”

Genesis 3:19: Met sweet aan jou gesig sal jy brood eet, totdat jy terugkeer na die grond; want daaruit is jy geneem – ja, stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.”

Nederlandse Geloofsbelydenis | DIE VERLOSSER DEUR GOD BELOOF | Artikel: 17

God het die mens toe getroos met die belofte om aan hom sy Seun te gee en hom salig te maak - sy Seun, wat uit 'n vrou gebore sou word om die kop van die slang te vermorsel.



Genesis 3:15: Vyandskap sal Ek tussen jou en die vrou stel, en tussen jou nageslag en haar nageslag. Hy sal jou kop aanval, en jy sal sy hakskeen aanval."

Genesis 22:18: Al die nasies van die aarde sal wens om so geseënd te wees soos jou nageslag, omdat jy na my stem geluister het."

Jesaja 7:14: Daarom sal my Heer self vir julle 'n teken gee: Kyk, die jong vrou is swanger, en gaan 'n seun in die wêreld bring. Sy sal hom Immanuel noem.

Johannes 1:14: En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon, en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos dié van die unieke Seun van die Vader – vol genade en waarheid.

Johannes 5:46: As julle Moses geglo het, sou julle My geglo het; hy het tog oor My geskryf.

Johannes 7:42: Het die Skrif nie gesê die Christus is uit die nageslag van Dawid en kom uit Betlehem, die tuisdorp van Dawid nie?"


Handelinge 13:32-33: En ons verkondig aan julle die goeie boodskap dat God die belofte wat aan die voorvaders gemaak is, vir ons, hulle kinders, vervul het deurdat Hy Jesus laat opstaan het, soos daar in die tweede psalm geskryf staan: " 'Jy is my Seun; vandag het Ek jou verwek.'

Nederlandse Geloofsbelydenis

# DIE VERLOSSER DEUR GOD BELOOF

Artikel: 17

God het die mens toe getroos met die belofte om aan hom sy Seun te gee en hom salig te maak - sy Seun, wat uit 'n vrou gebore sou word om die kop van die slang te vermorsel.



Romeine 1:2-3: wat Hy reeds tevore deur sy profete in die heilige Skrifte beloof het aangaande sy Seun – wat na die liggaam uit die nageslag van Dawid gebore is,

Galasiërs 3:16: En die beloftes is aan Abraham en sy Saad toegesê. Daar staan nie “en aan die sade” soos wat 'n mens na baie sou verwys nie, maar soos wat 'n mens na een verwys: “en aan jou Saad” – dit is Christus.

Galasiërs 4:4: maar toe die tyd vervul is, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet,

2 Timoteus 2:8: Onthou altyd dat Jesus Christus, uit die nageslag van Dawid, opgewek is uit die dood volgens my evangelie,

Hebreërs 7:14: Dit is tog baie duidelik dat ons Here uit Juda voortgespruit het, 'n stam oor wie Moses niks in verband met priesters gesê het nie.

## DIE VERLOSSER DEUR GOD BELOOF



Ons glo dat ons goeie God in sy uitnemende wysheid en goedheid die mens weer opgesoek het toe Hy gesien het dat die mens homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp en geheel en al ellendig gemaak en al bewende van Hom weggevlug het.

God het die mens toe getroos met die belofte om aan hom sy Seun te gee en hom salig te maak - sy Seun, wat uit 'n vrou gebore sou word om die kop van die slang te vermorsel.

Ons glo dat ons goeie God in sy uitnemende wysheid en goedheid die mens weer opgesoek het toe Hy gesien het dat die mens homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp en geheel en al ellendig gemaak en al bewende van Hom weggevlug het1.
God het die mens toe getroos met die belofte om aan hom sy Seun te gee en hom salig te maak - sy Seun, wat uit 'n vrou gebore sou word om die kop van die slang te vermorsel2.

1 Genesis 3:8-9; Genesis 3:19

2 Genesis 3:15; Genesis 22:18; Jesaja 7:14; Johannes 1:14; Johannes 5:46; Johannes 7:42; Handelinge 13:32-33; Romeine 1:2-3; Galasiërs 3:16; Galasiërs 4:4; 2 Timoteus 2:8; Hebreërs 7:14